

8 Desember Handeling 14:8-28; (Teks: 14:22)

Die strydende weg van die vrederyk

Kersfees is 'n mensgerigte aksie. Sprokiesagtige Kerskaartjies, gekleurde liggies, blink geskenkpapier romantiseer die Kersgebeure so dat die werklikheid van Christus se koms (Matt 16:21) onherkenbaar is. Hy het gekom om met sy bloed die koninkryk van vrede te herstel. Hy het mens geword om die straf op die sonde te dra. Sy pad is deur lyde na heerlikheid, deur dood na lewe. Deur die kruis na oorwinning. Dit preek Paulus en Barnabas: *"Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom"* (Hand 14:22). Christus se pad is ook die pad vir gelowiges. Deur verdrukking heen tot in die koninkryk van vrede. Jesaja skryf dat *"die straf wat vir ons vrede moes bring"*, op Jesus was (Jes. 53:5). Die koninkryk van vrede is gebou op bloed. Die heerskappy en oorwinning van Christus kom deur sy bloed (1 Pet 1:18-21). Die pad van God se koninkryk is 'n pad van verdrukking en lyding, van offer en opoffer. God se koninkryk, herstel en geheilig in die bloed van Christus, kom langs die weg van stryd (Gen. 3:15). Die stryd kan nie ontduik en vermy word nie. God belowe dat die stryd in Christus uitloop op die oorwinning en ewige vrede. Die koningskap van Christus bring ewige triomf en ook inspanning en pyn. Kersfees is die fees van vreugde, blydschap en vrede, maar dit is ook die begin van verdrukking ter wille van die Koninkryk.

Sing: Psalm 72:2,4,9

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)